"**[The Minister or any]** Any person who has **[lodged a complaint with]** made a request to the Board **[that any]** for a publication to be referred to a classification committee for classification in terms of section 16(1) or submitted a publication for classification in terms of section 16(2), or the person who has applied for the classification or the reclassification of a film, game or publication, or for a permit, exemption or licence, or who is the publisher of a publication which is the subject of an application for classification, or whose financial interest could be detrimentally affected by a decision of the Board on such application, or with regard to an exemption or permit, the withdrawal of which is being considered, or who appeals to the Appeal Tribunal against a decision with regard to such an application, shall have the right—".

**Amendment of section 20 of Act 65 of 1996, as amended by section 6 of Act 34 of 1999, section 8 of Act 18 of 2004 and section 24 of Act 3 of 2009**

**22.** Section 20 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) **[The Minister or any]** Any person who has lodged a complaint with the Board that any publication be referred to a classification committee for a decision and classification in terms of section 16, and any person who applied for the classification of a film or game, or the publisher or distributor of a publication which formed the subject of any complaint or **[application]** a submission in terms of section 16, may, within a period of 30 days from the date on which he or she was notified of the decision of the Board, in the prescribed manner, appeal to the Appeal Tribunal."; and

*(b)* by the addition of the following subsection:

"(6) Where a commercial online distributor of a film or game is a commercial online distributor referred to in section 18C, such commercial online distributor shall not have the right to appeal to the Appeal Tribunal against a classification by that commercial online distributor in line with a Board classification, unless the Board, based on a complaint in terms of section 18G, imposes a more onerous classification, in which case that commercial online distributor may appeal to the Appeal Tribunal against such a classification.".

**Amendment of section 24 of Act 65 of 1996, as amended by section 28 of Act 3 of 2009**

**23.** Section 24 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(3) Any person who is registered as a film or game distributor in terms of section 18(1)*(a)* may, subject to an exemption being granted by the Board, distribute a film or game classified as 'X18' online, subject to the following conditions:

*(a)* The distributor shall ensure to the satisfaction of the Board that children under the age of 18 would not be able to access such a film or game on-line;

*(b)* the distributor shall ensure that the classification and age restriction are clearly displayed on the screen of the user throughout the screening;

*(c)* the user must confirm that he or she is 18 years or older prior to commencing viewing of the film or playing the game;

*(d)* the distributor shall not distribute any promotion of the film or game to be accessed without it being paid for by way of a credit card or another child secure method agreed to by the Board and, for the purposes of this subsection, the promotion of the film shall be subject to the same conditions regarding distribution as the main feature of the film or game;

**Wysiging van artikel 19 van Wet 65 van 1996, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 34 van 1999 en vervang deur artikel 23 van Wet 3 van 2009**

**21.** Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"**[Die Minister of enigiemand]** Enigiemand wat 'n **[klagte by]** versoek aan die Raad **[aanhangig gemaak]** gerig het dat 'n publikasie na 'n klassifikasiekomitee verwys moet word vir klassifikasie ingevolge artikel 16(1) of 'n publikasie vir klassifikasie ingevolge artikel 16(2) voorgelê het, of die persoon wat om die klassifikasie of herklassifikasie van 'n film, speletjie of publikasie, of om 'n permit, vrystelling of lisensie aansoek doen of wat die uitgewer is van 'n publikasie wat die onderwerp is van 'n aansoek om klassifikasie, of wie se geldelike belange nadelig geraak kan word deur 'n beslissing van die Raad oor so 'n aansoek, of met betrekking tot 'n vrystelling of permit waarvan die intrekking onder oorweging is, of wat na die Appèltribunaal appelleer teen 'n beslissing met betrekking tot so 'n aansoek, het die reg—".

**Wysiging van artikel 20 van Wet 65 van 1996, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 34 van 1999, artikel 8 van Wet 18 van 2004 en artikel 24 van Wet 3 van 2009**

**22.** Artikel 20 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) **[Die Minister of enigiemand]** Enigiemand wat 'n klagte by die Raad aanhangig gemaak het dat 'n publikasie na 'n klassifikasiekomitee verwys moet word vir 'n beslissing en klassifikasie ingevolge artikel 16, en enigiemand wat aansoek gedoen het om die klassifikasie van 'n film of speletjie, of die uitgewer of verspreider van 'n publikasie wat die onderwerp was van 'n beswaar of **[aansoek]** 'n voorlegging ingevolge artikel 16, kan binne 'n tydperk van 30 dae vanaf die datum waarop hy of sy van die beslissing van die Raad verwittig is, op die voorgeskrewe wyse na die Appèltribunaal appelleer."; en

*(b)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(6) Waar 'n kommersiële aanlyn verspreider van 'n film of speletjie 'n lid van 'n industrieklassifikasieliggaam bedoel in artikel 18C is, het sodanige kommersiële aanlyn verspreider nie die reg om by die Appèltribunaal teen 'n klassifikasie deur daardie kommersiële aanlyn verspreider in ooreenstemming met 'n Raadsklassifikasie te appelleer nie, tensy die Raad, op grond van 'n klagte ingevolge artikel 18G, 'n strenger klassifikasie oplê, in welke geval daardie aanlyn kommersiële verspreider by die Appèltribunaal teen so 'n klassifikasie kan appelleer.".

**Wysiging van artikel 24 van Wet 65 van 1996, soos gewysig deur artikel 28 van Wet 3 van 2009**

**23.** Artikel 24 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(3) Enigiemand wat ingevolge artikel 18(1)*(a)* as 'n verspreider van films of speletjies geregistreer is kan, behoudens die toestaan van 'n vrystelling deur die Raad, 'n film of speletjie geklassifiseer as 'X18' aanlyn versprei, behoudens die volgende voorwaardes:

*(a)* Die verspreider moet tot bevrediging van die Raad verseker dat kinders onder die ouderdom van 18 nie aanlyn toegang tot sodanige film of speletjie sal kan kry nie;

*(b)* die verspreider moet verseker dat die klassifikasie en ouderdomsbeperking tydens die vertoning duidelik op die skerm van die gebruiker ten toon gestel word;

*(c)* die gebruiker moet bevestig dat hy of sy 18 jaar of ouer is voordat hy of sy begin om die film te kyk of die speletjie te speel;

*(d)* die verspreider moet geen promosie van die film of speletjie versprei nie om gesien te word sonder dat daarvoor betaal word by wyse van 'n kredietkaart of 'n ander wyse wat teen kinders beveilig is waarop die Raad toegestem het en, by die toepassing van hierdie subartikel, is die promosie van die film onderhewig aan dieselfde voorwaardes aangaande verspreiding as die hoofitem van die film of speletjie;

*(e)* the distributor shall keep, solely for his or her private records, a register of all instances where access was granted to a user, whose name, address and verifiable age must be noted in the register kept for that purpose;

*(f)* the register referred to in paragraph *(e)* must be kept for one year from the date when distribution took place;

*(g)* the chief executive officer may approach a court *ex parte* for the production of the register referred to in paragraph *(e)* if he or she has reasonable cause to believe that the online distributor is supplying material to children under the age of 18;

*(h)* if the film or game is exhibited online in a public place, that place must be a licensed premises in terms of subsection (1);

*(i)* the Board may, after due inquiry, suspend an exemption for a maximum period of 12 months if any of the conditions specified in this subsection have not been met by the distributor;

*(j)* a distributor who knowingly or negligently grants access to a film or game classified as 'X18' to a child under the age of 18 shall be guilty of an offence as contemplated in section 24A(4); and

*(k)* the inquiry instituted by the Board in terms of paragraph *(i)* must continue even if criminal proceedings have been instituted against the distributor.''.

**Substitution of section 24A of Act 65 of 1996, as inserted by section 29 of Act 3 of 2009**

**24.** The following section is hereby substituted for section 24A of the principal Act:

''**Prohibitions, offences and penalties on [distribution and exhibition] possession of films, games and publications**

**24A.** (1) Any person who knowingly distributes or exhibits in public a film or game without first having been registered with the Board as a distributor or exhibitor of films or games shall be guilty of an offence and liable, upon conviction, to a fine not exceeding R150 000 or to imprisonment for a period not exceeding **[six]** eight months or to both a fine and such imprisonment.

(2) Any person who knowingly broadcasts, distributes, exhibits in public, offers for sale or hire or advertises for exhibition, sale or hire any film, game or a publication referred to in section 16**[(1)]**(2) **[of this Act]** which has, except with respect to broadcasters that are subject to regulation by the Independent Communication Authority of South Africa and except with regard to a publication contemplated in section 16(1)—

*(a)* **[except with respect to broadcasters that are subject to regulation by the Independent Communications Authority of South Africa and a newspaper contemplated in section 16(1),]** not been classified by the Board;

*(b)* been classified as a 'refused classification'; or

*(c)* been classified as 'XX' or would have been so classified had it been submitted for classification,

shall be guilty of an offence and liable, upon conviction, to a fine not exceeding R500 000 or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both a fine and such imprisonment.

(3) Any person, not being the holder of a licence to conduct the business of adult premises and, with regard to films and games, not being registered with the Board as a distributor or exhibitor of films or games, and who knowingly broadcasts, distributes, exhibits in public, offers for exhibition, sale or hire or advertises for sale or hire any film, game or a publication which has been classified 'X18', or would have been so classified had it been submitted for classification, shall be guilty of an offence and liable, upon conviction, to a fine not exceeding R750 000 or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both a fine and such imprisonment.

*(e)* die verspreider moet, alleenlik vir die verspreider se private rekords, 'n register hou van alle gevalle waar toegang aan 'n gebruiker toegestaan is, wie se naam, adres en bevestigbare ouderdom in die register aangeteken moet word wat vir daardie doel gehou word;

*(f)* die register in paragraaf *(e)* bedoel moet vir een jaar vanaf die datum waarop die verspreiding plaasgevind het, gehou word;

*(g)* die hoof- uitvoerende beampte kan 'n hof *ex parte* nader vir die voorlegging van 'n register in paragraaf *(e)* bedoel indien hy of sy redelike gronde het om te glo dat die aanlyn verspreider materiaal aan kinders onder die ouderdom van 18 voorsien;

*(h)* indien die film of die speletjie aanlyn in 'n openbare plek vertoon word, moet daardie plek 'n gelisensieerde perseel ingevolge subartikel (1) wees;

*(i)* die Raad kan, na behoorlike ondersoek, 'n vrystelling vir 'n maksimum tydperk van 12 maande opskort indien enige van die voorwaardes in hierdie subartikel vermeld, nie deur die verspreider nagekom is nie;

*(j)* 'n verspreider wat wetens of nalatig toegang tot 'n film of speletjie geklassifiseer as 'X18' aan 'n kind onder die ouderdom van 18 toestaan, is skuldig aan 'n misdryf in artikel 24A(4) beoog; en

*(k)* die ondersoek ingevolge paragraaf *(i)* deur die Raad ingestel, moet voortgaan selfs indien strafregtelike verrigtinge teen die verspreider ingestel is.".

**Vervanging van artikel 24A van Wet 65 van 1996, soos ingevoeg deur artikel 29 van Wet 3 van 2009**

**24.** Artikel 24A van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Verbiedinge, misdrywe en strawwe vir [verspreiding en vertoning] besit van films, speletjies en publikasies**

**24A.** (1) Enigiemand wat 'n film of speletjie wetens in die openbaar versprei of vertoon sonder dat hy of sy eers by die Raad as 'n verspreider of vertoner van films of speletjies geregistreer is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R150 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens **[ses]** agt maande of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.

(2) Enigiemand wat wetens 'n film, speletjie of 'n publikasie in artikel 16**[(1)]**(2) **[van hierdie Wet]** bedoel, wat, behalwe wat betref uitsaaiers wat onderhewig is aan regulering deur die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika en 'n publikasie in artikel 16(1) beoog—

*(a)* nie deur die Raad geklassifiseer is nie**[, behalwe wat betref uitsaaiers wat onderhewig is aan regulering deur die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika en 'n nuusblad in artikel 16(1) bedoel]**;

*(b)* as 'n 'geweierde klassifikasie' geklassifiseer is; of

*(c)* geklassifiseer is as 'XX' of aldus geklassifiseer sou gewees het indien dit vir klassifikasie voorgelê is,

uitsaai, versprei, in die openbaar vertoon, te koop of te huur aanbied of adverteer vir vertoning, verkoop of verhuring, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.

(3) Enigiemand wat nie die houer van 'n lisensie is om die besigheid van volwasse persele te bedryf nie en, met betrekking tot films en speletjies, nie by die Raad as 'n verspreider of vertoner van films of speletjies geregistreer is nie en wat 'n film, speletjie of 'n publikasie wat as 'X18' geklassifiseer is, of wat aldus geklassifiseer sou gewees het indien dit vir klassifikasie voorgelê is, wetens uitsaai, versprei, in die openbaar vertoon, vir vertoning, verkoop of verhuring aanbied of vir verkoop of verhuring adverteer, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R750 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.

(4) Any person who knowingly distributes or exhibits any film, game or publication—

*(a)* classified as 'X18'; or

*(b)* which contains depictions, descriptions or scenes of explicit sexual conduct, **[unless such film, game or publication is a *bona fide* documentary or is of scientific, literary or artistic merit or is on a matter of public interest]** which would have justified an 'X18' classification,

to a person under the age of 18 years, shall be guilty of an offence and liable, upon conviction, to a fine not exceeding R750 000 or imprisonment for a period not exceeding five years or to both a fine and such imprisonment.

(5) Any person who knowingly distributes a film, game or publication which has been classified by the Board without displaying, clearly and conspicuously and in the prescribed manner, the classification reference number, the age restriction, consumer advice and any other condition imposed on the distribution of that film, game or publication, shall be guilty of an offence and liable, upon conviction, to a fine not exceeding R50 000 or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both a fine and such imprisonment.

(6) Any person who knowingly advertises a film or game in any medium without indicating, clearly and conspicuously so as to be plainly visible to the public, the age restriction, consumer advice and any other condition imposed on the film or game being advertised, shall be guilty of an offence and liable, upon conviction, to a fine not exceeding R50 000 or to imprisonment for a period not exceeding **[six]** eight months or to both a fine and such imprisonment.

(7) Any person who knowingly, or who ought to have reasonably known and without the prior written approval of the Board exhibits in public during the same screening session, or distributes on the same cassette or disc of a film or game, a trailer advertising a film or a game with a more restrictive classification than the featured film or game, shall be guilty of an offence and liable, upon conviction, to a fine not exceeding R100 000 or to imprisonment for a period not exceeding **[six]** eight months or to both a fine and such imprisonment.".

**Amendment of section 24B of Act 65 of 1996, as inserted by section 29 of Act 3 of 2009**

**25.** Section 24B of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:

"**[Prohibition, offences] Offences and penalties [on possession of films, games and publications] in respect of child pornography and sexual exploitation of children**";

*(b)* by the substitution in subsection (1) for paragraphs *(a)*, *(b)* and *(c)* of the following paragraphs, respectively:

"*(a)* unlawfully possesses child pornography;

*(b)* creates, produces or in any way contributes to, or assists in the creation or production of child pornography;

*(c)* imports or in any way takes steps to procure, obtain or access or in any way knowingly assists in, or facilitates the importation, procurement, obtaining or accessing of child pornography; or"; and

*(c)* by the addition of the following subsections:

"(4) A court which convicts a person of an offence in terms of subsection (1)*(b)* may, where a penalty is not prescribed in respect of that offence by any other Act of Parliament, impose a sentence as referred to in section 276 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977), which that court considers appropriate and which is within that court's penal jurisdiction.

(5) Any person who contravenes subsection (1)*(d)*, is liable—

*(a)* in the case of a first conviction, to a fine or to imprisonment for a period not exceeding 10 years or to both such fine and imprisonment; or

(4) Enigiemand wat 'n film, speletjie of publikasie wetens aan 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar versprei of ten toon stel—

*(a)* wat as 'X18' geklassifiseer is; of

*(b)* wat uitbeeldings, beskrywings of tonele van eksplisiete seksuele gedrag bevat, **[tensy sodanige film, speletjie of publikasie 'n *bona fide*-dokumentêr is of van wetenskaplike, literêre of artistiese waarde is of oor 'n saak van openbare belang handel,]** wat 'n klassifikasie as 'X18' sou regverdig,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R750 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.

(5) Enigiemand wat 'n film, speletjie of publikasie wat deur die Raad geklassifiseer is, wetens versprei sonder om die klassifikasieverwysingsnommer, die ouderdomsbeperking, verbruikersadvies en enige ander voorwaarde wat vir die verspreiding van daardie film, speletjie of publikasie opgelê is, duidelik en opvallend en op die voorgeskrewe wyse te vertoon, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.

(6) Enigiemand wat 'n film of speletjie in enige medium wetens adverteer sonder om die ouderdomsbeperking, verbruikersadvies en enige ander voorwaarde opgelê vir die film of speletjie wat geadverteer word, duidelik en opvallend en op die voorgeskrewe wyse aan te dui sodat dit duidelik sigbaar is vir die publiek, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens **[ses]** agt maande of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.

(7) **[Enige persoon]** Enigiemand wat wetens, of wat redelikerwys moes geweet het en sonder die skriftelike voorafgoedkeuring van die Raad 'n lokprent, wat 'n film of 'n speletjie adverteer met 'n beperkender klassifikasie as dié van die hooffilm of hoofspeletjie, in die openbaar tydens dieselfde vertoonsessie vertoon, of op dieselfde kasset of skyf van die hooffilm of -speletjie versprei, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens **[ses]** agt maande of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.''.

**Wysiging van artikel 24B van Wet 65 van 1996, soos ingevoeg deur artikel 29 van Wet 3 van 2009**

**25.** Artikel 24B van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

''**[Verbiedinge, misdrywe] Misdrywe en strawwe [vir besit van films, speletjies en publikasies] ten opsigte van kinderpornografie en seksuele uitbuiting van kinders**'';

*(b)* deur in die Engelse teks, in subartikel (1) paragrawe *(a)*, *(b)* en *(c)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

''*(a)* unlawfully possesses child pornography;

*(b)* creates, produces or in any way contributes to, or assists in the creation or production of child pornography;

*(c)* imports or in any way takes steps to procure, obtain or access or in any way knowingly assists in, or facilitates the importation, procurement, obtaining or accessing of child pornography; or''; en

*(c)* deur die volgende subartikels by te voeg:

''(4) 'n Hof wat 'n persoon skuldig bevind aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1)*(b)* kan, waar 'n straf nie deur enige ander Parlementswet vir daardie misdryf voorgeskryf word nie, 'n vonnis soos bedoel in artikel 276 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), oplê wat daardie hof gepas ag en wat binne daardie hof se strafjurisdiksie val.

(5) Enigiemand wat subartikel (1)*(d)* oortree, is strafbaar—

*(a)* in die geval van 'n eerste skuldigbevinding, met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 10 jaar of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf; of

*(b)* in the case of a second and subsequent conviction, to a fine or to imprisonment for a period not exceeding 15 years or to both such fine and imprisonment.

(6) Any person who contravenes subsection (1)*(a)* or *(c)*, is liable—

*(a)* in the case of a first conviction, to a fine or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and imprisonment;

*(b)* in the case of a second conviction, to a fine or to imprisonment for a period not exceeding 10 years or to both such fine and imprisonment; or

*(c)* in the case of a third or subsequent conviction, to a fine or to imprisonment for a period not exceeding 15 years or to both such fine and imprisonment.

(7) Any person who contravenes the provisions of subsection (2), is liable, on conviction, to a fine or to imprisonment for a period not exceeding 5 years or to both such fine and imprisonment.

(8) Any person who contravenes the provisions of subsection (3) is liable—

*(a)* in the case of a first conviction, to a fine of R1 000 000 or to imprisonment for a period not exceeding five years, or to both such fine and imprisonment; or

*(b)* in the case of a second or subsequent conviction, to a fine of R2 000 000 or to imprisonment for a period not exceeding 10 years or to both such fine and imprisonment.".

**Amendment of section 24C of Act 65 of 1996, as inserted by section 29 of Act 3 of 2009**

**26.** Section 24C of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"Any person who fails to comply with subsection (2) shall be guilty of an offence and liable, upon conviction, to a fine not exceeding R50 000 or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both a fine and such imprisonment.".

**Insertion of sections 24D, 24E, 24F and 24G in Act 65 of 1996**

**27.** The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 24C:

"**Prohibition, offences and penalties for submission of false and misleading information to online submission system of Board**

**24D.** Any person who furnishes the Board with false or misleading information on the Board's online submission system with respect to registration online to—

*(a)* classify a film or game;

*(b)* renew registration; or

*(c)* apply for the submission of a game for classification,

shall be guilty of an offence and liable, upon conviction to a fine not exceeding R15 000 or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both a fine and such imprisonment.

**Prohibitions, offences and penalties on distribution of private sexual photographs and films**

**24E.** (1) Any person who knowingly distributes private sexual photographs and films in any medium including the internet and social media, without prior consent of the individual or individuals in the said sexual photographs and films with the intention to cause the said individual harm shall be guilty of an offence and liable upon conviction, to a fine not exceeding R150 000 or to imprisonment for a period not exceeding two years or to both a fine and such imprisonment.

*(b)* in die geval van 'n tweede en daaropvolgende skuldigbevinding, met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 15 jaar of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.

(6) Enigiemand wat subartikel (1)*(a)* of *(c)* oortree, is strafbaar—

*(a)* in die geval van 'n eerste skuldigbevinding, met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf;

*(b)* in die geval van 'n tweede skuldigbevinding, met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 10 jaar of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf; of

*(c)* in die geval van 'n derde of daaropvolgende skuldigbevinding, met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 15 jaar of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.

(7) Enigiemand wat die bepalings van subartikel (2) oortree, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.

(8) Enigiemand wat die bepalings van subartikel (3) oortree is strafbaar—

*(a)* in the geval van 'n eerste skuldigbevinding, met 'n boete van R1 000 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf; of

*(b)* in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding, met 'n boete van R2 000 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 10 jaar of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.''.

**Wysiging van artikel 24C van Wet 65 van 1996, soos ingevoeg deur artikel 29 van Wet 3 van 2009**

**26.** Artikel 24C van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

''Enigiemand wat versuim om aan die bepalings van subartikel (2) te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.''.

**Invoeging van artikels 24D, 24E, 24F en 24G in Wet 65 van 1996**

**27.** Die volgende artikels word hierby na artikel 24C in die Hoofwet ingevoeg:

''**Verbod, misdrywe en strawwe vir voorlegging van vals of misleidende inligting op aanlyn voorleggingstelsel van Raad**

**24D.** Enigiemand wat die Raad van vals of misleidende inligting voorsien op die Raad se aanlyn voorleggingstelsel ten opsigte van aanlyn registrasie om—

*(a)* 'n film of speletjie te klassifiseer;

*(b)* registrasie te hernieu; of

*(c)* aansoek te doen om die voorlegging van 'n speletjie vir klassifikasie,

is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R15 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.

**Verbiedinge, misdrywe en strawwe op verspreiding van private seksuele foto's en films**

**24E.** (1) Enigiemand wat wetens private seksuele foto's en films oor enige medium, met inbegrip van die internet en sosiale media versprei, sonder vooraf toestemming van die individu of individue in die genoemde seksuele foto's en films met die voorneme om die genoemde individue skade te berokken, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R150 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.

(2) Any person who knowingly distributes private sexual photographs and films in any medium including through the internet, without prior consent of the individual or individuals and where the individual or individuals in the photographs or films is identified or identifiable in the said photographs and films, shall be guilty of an offence and liable upon conviction, to a fine not exceeding R300 000 or to imprisonment for a period not exceeding four years or to both a fine and such imprisonment.

**Prohibitions, offences and penalties on filming and distribution of films and photographs depicting sexual assault and violence against children**

**24F.** Any person who knowingly creates, produces or in any way contributes to or assists in any film or photograph which contains depictions, descriptions or scenes of sexual assault and violence against children, shall be guilty of an offence and liable upon conviction, to a fine not exceeding R150 000 or to imprisonment for a period not exceeding two years or to both a fine and such imprisonment.

**Prohibitions, offences and penalties on propaganda for war, incitement of imminent violence, and advocacy of hatred based on an identifiable group characteristic and that constitutes incitement to cause harm**

**24G.** Any person who knowingly distributes in any medium, including the internet and social media any film, game or publication which amounts to propaganda for war, incites imminent violence, or advocates hate speech, shall be guilty of an offence and liable upon conviction, to a fine not exceeding R150 000 or to imprisonment for a period not exceeding two years or to both a fine and such imprisonment.''.

**Amendment of section 27A of Act 65 of 1996, as amended by section 31 of Act 3 of 2009**

**28.** Section 27A of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''(2) If an **[Internet]** internet **[service]** access provider has knowledge that its services are being used for the hosting or distribution of child pornography, propaganda for war, incitement of imminent violence or advocating hatred based on an identifiable group characteristic and that constitutes incitement to cause harm, such **[Internet]** internet service provider shall—'';

*(b)* by the substitution in subsection (4) for paragraphs *(a)* and *(b)* of the following paragraphs, respectively:

''*(a)* fails to comply with **[subsection 1]** subsections (1) and (2) shall be guilty of an offence and liable, upon conviction, to a fine not exceeding R150 000 or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both a fine and such imprisonment; or

*(b)* fails to comply with subsection (2) or (3) shall be guilty of an offence and liable, upon conviction, to a fine not exceeding R750 000 or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both a fine and such imprisonment.''.

**Repeal of section 30 of Act 65 of 1996**

**29.** Section 30 of the principal Act is hereby repealed.

(2) Enigiemand wat wetens private seksuele foto's en films in enige medium, ook oor die internet, versprei sonder vooraf toestemming van die individu of individue en waar die individu of individue in die genoemde foto's of films geïdentifiseer word of kan word, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R300 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vier jaar of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.

**Verbiedinge, misdrywe en strawwe vir verfilming en verspreiding van films en foto's wat seksuele aanranding en geweld teen kinders uitbeeld**

**24F.** Enigiemand wat wetens 'n film of foto skep, vervaardig of op enige wyse daartoe bydra of bystand verleen daarmee wat uitbeeldings, beskrywings of tonele van seksuele aanranding en geweld teen kinders bevat, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R150 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.

**Verbiedinge, misdrywe en strawwe vir oorlogspropaganda, aanhitsing van dreigende geweld en verkondiging van haat op grond van identifiseerbare groepseienskap en wat aanhitsing om skade te berokken daarstel**

**24G.** Enigiemand wat wetend oor enige medium, met inbegrip van die internet en sosiale media, enige film, speletjie of publikasie versprei wat op oorlogspropaganda neerkom, dreigende geweld aanhits of haatspraak verkondig, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R150 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.''.

**Wysiging van artikel 27A van Wet 65 van 1996, soos gewysig deur artikel 31 van Wet 3 van 2009**

**28.** Artikel 27A van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''(2) Indien 'n **[Internetdiensverskaffer]** internet-toegangverskaffer kennis dra dat sy dienste gebruik word om vir kinderpornografie, oorlogspropaganda, aanhitsing van dreigende geweld of vir die verkondiging van haat gegrond op 'n identifiseerbare groepeienskap en wat aanhitsing om skade te berokken, daarstel, as gasheer op te tree of om dit te versprei, moet sodanige Internetdiensverskaffer—'';

*(b)* deur paragrawe *(a)* en *(b)* in subartikel (4) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

''*(a)* versuim om aan **[subartikel]** subartikels (1) en (2) te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R150 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf; of

*(b)* versuim om aan subartikel (2) of (3) te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R750 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.''.

**Herroeping van artikel 30 van Wet 65 van 1996**

**29.** Artikel 30 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Amendment of section 31 of Act 65 of 1996, as amended by section 35 of Act 3 of 2009**

**30.** Section 31 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* make regulations relating to the procedure with regard to the nomination of persons as candidates for the Council **[or]**, Appeal Tribunal and Enforcement Committee, further relevant experience in terms of section 6 (4)*(a)* **[of this Act]** and the experience of persons who may be appointed as members of the advisory panel referred to in section 6**[(1)]**(2);"; and

*(b)* by the substitution in subsection (3) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* As soon as possible after the lapse of every consecutive period of 12 months after the publication of the guidelines referred to in paragraph *(a)*, the **[Board]** Council, in consultation with the Minister, shall publish the **[said]** guidelines in the *Gazette* and, where necessary, amend them.".

**Insertion of section 31A in Act 65 of 1996**

**31.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 31:

"**Procedure for making regulations**

**31A.** (1) The Minister must, before making or amending any regulations referred to in section 31, publish a notice in the *Gazette*—

*(a)* setting out that draft regulations have been developed;

*(b)* specifying where a copy of the draft regulations may be obtained; and

*(c)* inviting written comments to be submitted on the proposed regulations within a specified period.

(2) After complying with subsection (1), the Minister may—

*(a)* amend the regulations; and

*(b)* subject to subsection (3), publish the regulations or directives in final form in the *Gazette.*

(3) *(a)* The Minister must, within 30 days before publication of the regulations in the *Gazette*, as referred to in subsection (2)*(b)*, table them in Parliament.

*(b)* Subsection (1) does not apply in respect of any amendment of the regulations as a result of the process referred to in paragraph *(a)*.".

**Substitution of expression in Act 65 of 1996**

**32.** The principal Act is hereby amended by the substitution for the expression "Internet" of the expression "internet" wherever it occurs.

**Amendment of arrangement of sections in Act 65 of 1996**

**33.** The arrangement of sections after the long title of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of Chapter 2 of the following heading:

"**Film and Publication Board [: Film and Publication Appeal Tribunal], Council, Appeal Tribunal and Enforcement Committee**";

*(b)* by the substitution for item 3 of the following item:

"**3.** Establishment of Film and Publication Board, Council **[and]**, Appeal Tribunal and Enforcement Committee";

*(c)* by the substitution for item 6 of the following item:

"**6.** **[Members]** Appointment of members of Council and Appeal Tribunal **[to be appointed]** by Minister";

*(d)* by the insertion after item 6 of the following items:

"**6A.** Composition of Enforcement Committee

**6B.** Powers and duties of Enforcement Committee";

**Wysiging van artikel 31 van Wet 65 van 1996, soos gewysig deur artikel 35 van Wet 3 van 2009**

**30.** Artikel 31 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* regulasies uitvaardig betreffende die prosedure met betrekking tot die benoeming van persone as kandidate vir die Beheerraad **[en]**, Appèltribunaal en Afdwingingskomitee, verdere relevante ervaring ingevolge artikel 6(4)(*a*) **[van hierdie Wet]** en die ervaring van persone wat as lede van die adviespaneel in artikel 6**[(1)]**(2) vermeld, aangestel kan word;"; en

*(b)* deur in subartikel (3) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* So gou doenlik na die verloop van elke daaropvolgende periode van 12 maande na die publikasie van die riglyne bedoel in paragraaf *(a)*, moet die **[Raad]** Beheerraad, in oorleg met die Minister, die **[vermelde]** riglyne in die *Staatskoerant* publiseer en, wanneer nodig, dit wysig.".

**Invoeging van artikel 31A in Wet 65 van 1996**

**31.** Die volgende artikel word hierby na artikel 31 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Prosedure vir uitvaardiging van regulasies**

**31A.** (1) Die Minister moet, voordat enige regulasies in artikel 31 bedoel, uitgereik of gewysig word, 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer—

*(a)* wat vermeld dat konsepregulasies ontwikkel is;

*(b)* wat spesifiseer waar 'n afskrif van die konsepregulasies verkry kan word; en

*(c)* waarin 'n beroep gedoen word dat skriftelike kommentaar oor die voorgestelde regulasies binne 'n bepaalde tydperk ingedien word.

(2) Na voldoening aan subartikel (1), kan die Minister—

*(a)* die regulasies wysig; en

*(b)* behoudens subartikel (3), die regulasies of voorskrifte in finale vorm in die *Staatskoerant* publiseer.

(3) *(a)* Die Minister moet, binne 30 dae voor publikasie van die regulasies in die *Staatskoerant*, soos in subartikel (2)*(b)* bedoel, daardie regulasies in die Parlement ter tafel lê.

*(b)* Subartikel (1) is nie van toepassing ten opsigte van enige wysiging van die regulasies na aanleiding van die proses in paragraaf *(a)* bedoel nie.".

**Vervanging van uitdrukking in Wet 65 van 1996**

**32.** Die Hoofwet word hierby gewysig deur die uitdrukking "Internet", waar dit ook al voorkom, te vervang deur die uitdrukking "internet".

**Wysiging van indeling van artikels in Wet 65 van 1996**

**33.** Die indeling van artikels na die lang titel van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif van Hoofstuk 2 deur die volgende opskrif te vervang:

"**Film- en Publikasieraad[: Film- en Appèltribunaal], Raad, Appèltribunaal en Afdwingingskomitee**";

*(b)* deur item 3 deur die volgende item te vervang:

"**3.** Instelling van Film- en Publikasieraad, Beheerraad **[en]**, Appèltribunaal en Afdwingingskomitee";

*(c)* deur item 6 deur die volgende item te vervang:

"**6.** **[Lede]** Aanstelling van lede van Beheerraad en Appèltribunaal deur Minister **[aangestel te word]**";

*(d)* deur die volgende items na item 6 in te voeg:

"**6A.** Samestelling van Afdwingingskomitee

**6B.** Bevoegdhede en pligte van Afdwingingskomitee";

(*e*) by the substitution for item 7 of the following item:

"**7.** Disqualifications with regard to membership of Council **[or]**, Appeal Tribunal or Enforcement Committee";

(*f*) by the substitution for item 8 of the following item:

"**8.** Period of office of members of Council **[and]**, Appeal Tribunal and Enforcement Committee";

(*g*) by the substitution for item 11 of the following item:

"**11.** Administrative support for Council **[and]**, Appeal Tribunal and Enforcement Committee";

(*h*) by the substitution for item 15A of the following item:

"**15A.** Functions and powers of compliance officers";

(*i*) by the substitution for the heading of Chapter 4 of the following heading:

"**Classification of Films and Games, Self-classification, Accreditation, Complaints and Prohibited Content**";

(*j*) by the deletion of items 18A and 18B;

(*k*) by the insertion after item 18 of the following items:

"**18C.** Self-classification

**18D.** Approval of accredited foreign or international classification systems by the Board

**18E.** Complaints against content services distributed online

**18F.** Prohibition against distribution of private sexual photographs and films

**18G.** Prohibition against filming and distribution of films and photographs depicting sexual assault and violence against children";

(*l*) by the substitution for the heading of Chapter 5 of the following heading:

"Right to **[Appear,]** appear and to **[Appeal]** appeal to Appeal Tribunal **[and Supreme Court]**";

(*m*) by the insertion after item 24C of the following items:

"**24D.** Prohibition, offences and penalties for submission of false and misleading information to online submission system of Board

**24E.** Prohibitions, offences and penalties on distribution of private sexual photographs and films

**24F.** Prohibitions, offences and penalties on filming and distribution of films and photographs depicting sexual assault and violence against children

**24G.** Prohibitions, offences and penalties on propaganda for war, incitement of imminent violence and advocacy of hatred based on an identifiable group characteristic and that constitutes incitement to cause harm"; and

(*n*) by the insertion of the following item after item 31:

"**31A.** Procedure for making regulations".

**Short title and commencement**

**34.** This Act is called the Films and Publications Amendment Act, 2019, and shall come into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

*(e)* deur item 7 deur die volgende item te vervang:

"**7.** Onbevoegdhede met betrekking tot lidmaatskap van Beheerraad **[of]**, Appèltribunaal of Afdwingingskomitee";

*(f)* deur item 8 deur die volgende item te vervang:

"**8.** Ampsduur van lede van Beheerraad **[en]**, Appèltribunaal en Afdwingingskomitee";

*(g)* deur item 11 deur die volgende item te vervang:

"**11.** Administratiewe steun aan Beheerraad **[en]**, Appèltribunaal en Afdwingingskomitee";

*(h)* deur item 15A deur die volgende item te vervang:

"**15A.** Werksaamhede en bevoegdhede van nakomingsbeamptes";

*(i)* deur die opskrif van Hoofstuk 4 deur die volgende opskrif te vervang:

"**Klassifikasie van films en speletjies, self-klassifikasie, akkreditasie, klagtes en verbode inhoud**";

*(j)* deur items 18A en 18B te skrap;

*(k)* deur die volgende items na item 18 in te voeg:

"**18C.** Self-klassifikasie

**18D.** Goedkeuring van geakkrediteerde vreemde- of internasionale-klassifikasiestelsels deur Raad

**18E.** Klagtes teen digitale inhouddienste wat aanlyn versprei word

**18F.** Verbod op verspreiding van private seksuele foto's en films

**18G.** Verbod op verfilming en verspreiding van films en foto's wat seksuele aanranding en geweld teen kinders uitbeeld";

*(l)* deur die opskrif van Hoofstuk 5 deur die volgende opskrif te vervang:

"Reg om te verskyn**[,]** en om na **[die]** Appèltribunaal **[en Hooggeregshof]** te appelleer";

*(m)* deur die volgende items na item 24C in te voeg:

"**24D.** Verbod, misdrywe en strawwe vir voorlegging van vals of misleidende inligting op aanlyn voorleggingstelsel van Raad

**24E.** Verbiedinge, misdrywe en strawwe op verspreiding van private seksuele foto's en films

**24F.** Verbiedinge, misdrywe en strawwe vir verfilming en verspreiding van films en foto's wat seksuele aanranding en geweld teen kinders uitbeeld

**24G.** Verbiedinge, misdrywe en strawwe vir oorlogspropaganda, aanhitsing van dreigende geweld en verkondiging van haat op grond van identifiseerbare groepseienskap en wat aanhitsing om skade te berokken daarstel"; en

*(n)* deur die volgende item na item 31 in te voeg:

"**31A.** Prosedure vir uitvaardiging van regulasies".

**Kort titel en inwerkingtreding**

**34.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Films en Publikasies, 2019, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant*, vasgestel.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**